NG Kerk in Oos-Kaapland

Beleid vir die aanwending van opgeleide lidmate vir die Woordbediening en liturgiese leiding

1. Agtergrond en oorsig

1.1 Tydens die sinodevergadering van 2007 neem die sinode met groot kommer kennis van die bedieningsnood as gevolg van leraarsvakatures in veral die kleiner gemeentes in die platteland.

1.2 Die Sinodale Kommissie besluit om daadwerklik op te tree en toepaslike opleidingsmateriaal word in die sinode ontwikkel. Uiteindelik meld meer as 200 lidmate in die sinodale gebied hulself aan vir die opleiding in Pastorale Ondersteuning, asook Woordbediening en liturgiese leiding.

1.3 Sedertdien word gemeentes aangemoedig om lidmate wat in terme van roeping, gawes, leer en lewenswandel kwalifiseer, te laat oplei om Woordbediening en liturgiese leiding waar te neem. Hierdie lidmate kan op verskeie bedieningsterreine aangewend word, bv

- byeenkomste rondom die Woord in die werksituasie
- as onderdeel van die barmhartigheidsbediening van die gemeente (bv sopkombuise, waar Woord en barmhartigheid in ’n noue band staan)
- as lede van liturgiese en predikingwerkgroepe in gemeentes, asook
- die lei van openbare eredienste in die NG Kerk.

2. Die lei van openbare eredienste

2.1 Die opleidings- en aanwendingsprogram wil die bedieningsnood, in besonder in die Oos-Kaapse platteland, probeer verlig in vennootskap met die leraarsamp, en nie ter vervanging daarvan nie. Ringe wend sodanige lidmate aan waar ringsleraars vanweë omstandighede nie op ‘n gereelde grondslag beskikbaar is om die Woord te bedien nie.

2.2 Die inisiatief om opgeleide lidmate vir die lei van amptelike eredienste te gebruik, berus by die plaaslike kerkraad, of op aanbeveling van die ring.

2.3 Ongesensureerde belydende lidmate wat oor die gawe en vermoë beskik om die Woord tydens ‘n openbare erediens te bedien, en die liturgie te lei, doen aansoek (by die kerkraad van die gemeente waar hy / sy lidmaat is) om die die Sinode van Oos-Kaapland se opleidingsprogram te deurloop.

2.4 Hierdie kerkraad vergewis homself van die die geskiktheid van die aansoeker. Hierdie geskiktheid behels die aansoeker se leersuiwerheid, Christelike lewenswandel, gawes en ander vermoëns. Goedgekeurde aansoeke word deur die kerkraad aan die plaaslike ring / ringskommissie vir oorweging deurgestuur.

2.5 Die ring / ringskommissie vergewis hom ook van die behoefte aan hierdie bediening binne die ringsgebied, asook hoe die bediening ook in wyere kerklike verband aangewend sou kon word.

2.6 Ná goedkeuring deur die ring / ringskommissie, skryf die kerkraad die aansoeker in vir opleiding en toerusting deur die sinode. Kerkrade / ringe behoort in te staan vir die aansoeker se koste rondom die opleiding.

2.7 Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding, word die lidmaat verkies en bevestig tot ouderling van die gemeente met opdrag: *Hulpbediening van die Woord*. Soos in die geval van die ander kerkraadslede, dien hierdie ouderling vir twee jaar in die amp, en alle ander bepalinge geld.

2.8 Ná verstryking van die termyn oorweeg die kerkraad andermaal die noodsaak van / behoefte aan die bediening, asook die geskiktheid van die persoon, en handel dienooreenkomstig.

2.9 Die ring / ringskommissie wys ‘n leraarmentor uit sy geledere vir elke sodanige ouderling aan. Hierdie mentor begelei die ouderling deurlopend in terme van Woord- en leersuiwerheid met die oog op die prediking, asook die leiding van die liturgie. Die mentor doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die ouderling.

2.10 Van opgeleide lidmate word verwag om opknappingskursusse en verdere toerusting wat aangebied word, by te woon.

2.11 Die ouderling word aangewend soos en waar die bedieningsnood dit vereis. By elke erediens wat hy / sy lei, tree hy / sy op onder die toesig van die betrokke (plaaslike) kerkraad. Sodanige kerkra(a)d(e) doen ook jaarliks verslag aan die ring tov die behoefte aan die bediening, sowel as die geskiktheid van die ouderling.

Namens die Sinodale Kommissie,

Ds DW Mouton
Skriba Sinode
1 November 2010